

Gereformeerde Kerk Bellville – 18 Maart 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-1:1, 2 (Sb 51)

- 1 Die volk wat in die donker wandel, / oor hulle het 'n lig geskyn;
Die Christus, Lig oor alle lande, / laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig; / hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik / waar hul mét U oorwinning smaak.
- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Gebed

Psalm 72:1, 4 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermer, / een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
- 4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.
Van see tot see – geen grensomyning, / orals gebied sy staf,
totdat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

Skriflesing: Numeri 8:5-26; Matteus 3:1-17

Kernverse: Matteus 3:14-15

Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe? Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle gereg-tigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.
(Matteus 3:14-15 AFR53)

Tema: Waarom Jesus groot gedoop is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het die gelowige die vraagsteller verder onderrig oor die doop en in besonder oor die doop van jong kinders.

Met daardie gesprek is alle vrae oor en verset teen die kinderdoop egter nie afgehandel nie. Solank as wat daar voorstanders is van die groot doop sal daar altyd nog 'n argument aangevoer word om mense te laat afsien van die kinderdoop.

Een van die argumente wat aangevoer word en baie vroom klink, is dat Christene hulle Here Jesus Christus moet navolg. Jesus Christus was al volwasse toe Hy deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop is. In navolging van Jesus, sê die voorstanders van die groot doop, moet Christene ook groot gedoop word en nie klein nie. As 'n mens nie voorbereid is op so 'n argument nie, kan dit maklik geloofwaardig klink en liggelowiges word maklik deur so 'n argument oorgehaal.

Die Heilige Gees het ons tot dusver aan die hand van ons Heidelbergse Kategismus toegerus om in gesprekke met ongelowiges betrokke te raak. Mag die Heilige Gees ook die verkondiging van vanaand gebruik om elkeen van ons toe te rus sodat ons gereed sal wees om te getuig van die hoop wat in ons lewe. Daarom gaan ons luister wanneer die Heilige Gees ons vertel waarom Jesus groot gedoop is.

Broers, susters en kinders, ons tref Johannes by die Jordaanrivier aan. In lyn met dit wat engel Gabriël nog aan sy pa Sagaria gesê het, so doen Johannes. Die engel het vir Sagaria gesê dat Johannes baie van die kinders van Israel sal lei om hulle tot die Here te bekeer. Hy sal selfs vaders en kinders met mekaar versoen en ongehoorsames op die regte pad terugbring en sodoende die volke voorberei vir die koms van die Here (Luk 1:16, 17).

Wanneer Matteus van Johannes die Doper begin vertel, doen hy presies waarvoor die Here hom gestuur het. Hy roep die mense van Jerusalem en Judea en die omgewing op met die woorde: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. En die mense wat gehoorsaam buig voor die Here, bely hulle sondes en dan doop Johannes hulle in die rivier.

Die Bybel tipeer die doop van Johannes as die doop van bekering tot vergewing van sondes. Dit is nie die doop self wat die bekering by die mense veroorsaak nie. Die Heilige Gees bring die mense tot bekering deur middel van die verkondiging van Johannes. En wanneer hulle dan gedoop word, word hulle bekering bevestig en beseël.

Hierdie doop het aangesluit by die proselietedoop van die Jode. Wanneer 'n heiden hom bekeer het en in die God van Abraham, Isak en Jakob geglo het, is hy 'n proseliet genoem. Wanneer so iemand nou tot bekering kom, moet hy gedoop word om so sy heidense lewe van ongeregtheid en ongeloof simbolies af te was en af te sterf. Eers na dié doop is die mans en seuns besny. So 'n heiden het dan voluit deel gehad aan die verbondsvoorregte en pligte soos enige ander gelowige Jood.

Die doop van Johannes was dan ook 'n simboliese afwassing van die sondes. Vir baie van die Jode en veral vir die Fariseërs en die Sadduseërs was dit skokkend. Hulle het hulleself nog altyd as die nageslag van Abraham beskou en dus het hulle nie bekering en doop nodig soos die heidene nie. Dit was juis oor hierdie valse gerustheid van die Jode dat Johannes die Doper so skerp teen hulle gepreek het.

Die proselietedoop het 'n skeidslyn getrek tussen Jode en heidene. Die doop van Johannes het 'n skeidslyn getrek tussen gelowiges en ongelowiges binne-in die volk wat hulleself die volk van God genoem het. Met hierdie lyn word daar 'n skeiding gebring tussen die kaf en die koring. Die kaf sal met 'n onuitblusbare vuur verbrand word vir ewig

en die koring word deur die Here in sy skuur saamgebring. Selfs uit die Jode gaan die Here vir Hom 'n nuwe volk versamel, die ware volk van God.

Johannes die Doper was al seker vir ses maande lank besig om te preek en mense by die Jordaanrivier te doop toe Jesus van Galilea af na hom toe gegaan het. Johannes is so ses maande voor Jesus gebore (Luk 1:36). Jesus die Seun van God het geweet dit is nou die tydstop dat sy openbare optrede as die Verlosser moet begin. Vir omtrent dertig jaar het Hy in Galilea gewoon. Die Heilige Gees openbaar niks vir ons wat Jesus in daardie dertig jaar gedoen het nie behalwe dit wat ons lees rondom sy geboorte en toe Hy omtrent twaalf jaar oud was. Niemand het ook van Jesus geweet nie behalwe Johannes wat verkondig het dat iemand na hom sal kom wat met die Heilige Gees en met vuur sal doop.

En nou het die dag aangebreek. Jesus het van Galilea af na die Jordaan gegaan en by Johannes gekom om deur hom gedoop te word. Johannes het Jesus ernstig teëgegaan. Dit was vir Johannes ondenkbaar dat hy vir Jesus moes doop. Jesus is immers verreweg sy meerdere. Johannes het self gesê dat hy nie eers werd is om Jesus se skoene uit te trek nie. Om mense se skoene uit te trek en hulle voete te was, is die werk wat aan die heel laagste slaaf gegee is om te doen. Johannes sien homself teenoor Jesus as nog laer en minder werd as daardie heel laagste slaaf.

Deur die kragtige werk van die Heilige Gees het Johannes ook geweet dat Jesus die een is wat met die Heilige Gees en vuur gaan doop. Jesus is nie sommer maar net die Seun van Josef en Maria van Nasaret nie. Jesus is die Heilige wat mense met sy Heilige Gees gaan doop en Hy gaan nog op die laaste dag die vonnis oor al die ongelowiges uitspreek. Jesus is die Here self. En die doop wat Johannes bedien is die doop van bekering tot vergewing van sondes. Jesus het nie sondes wat Hy moet bely nie. Daarom het Johannes Jesus se oproep om deur hom gedoop te word ernstig teëgestaan.

Geliefdes, in die boek Hebreërs maak die Heilige Gees dit onteenseglik duidelik dat Jesus nie sondes gehad het nie. Ons lees in Hebreërs dat Jesus as die Seun van God in alles aan mense gelyk geword. Hy was immers net soos mense aan versoekings blootgestel, maar Hy het nie gesondig nie, want Hy het nie sonde nie (Heb 2:14-16; 4:15). Daarom kan ons bely dat die Seun van God die vlees en bloed uit die maagd Maria aangeneem het nadat die Heilige Gees die lewe in haar verwek het. Sodoende is die ewige Seun van God ook tegelykertyd 'n ware mens – in alles aan mense gelyk behalwe die sonde.

Aangesien Jesus dan geen sondes het nie, waarom moes Hy deur Johannes gedoop word? Om die antwoord op hierdie vraag te kry, moet ons fyn luister wat Jesus vir Johannes sê:

Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.
(Matteus 3:15b AFR53)

Wanneer Johannes vir Jesus doop dan vervul Jesus en Johannes alle geregtigheid. Uit die Here Jesus se woorde hoor ons dat die woord *geregtigheid* die uiteindelijke rede is waarom Johannes Hom moes doop. Om agter te kom waarna hierdie geregtigheid waarvan Jesus praat, verwys, is daar twee dinge wat ons moet raaksien.

Die eerste ding wat ons moet raaksien, is dit wat gebeur het net nadat Johannes vir Jesus gedoop het. Luister weer wat het gebeur:

En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde

Seun in wie Ek 'n welbehae het. (Matteus 3:16-17 AFR53)

Ons het dit 'n bietjie vroeër opgemerk dat Jesus geweet het dat dit nou die tydstip is dat Hy sy openbare werk as Verlosser moet begin. Wanneer Jesus dan uit die water kom, word Hy deur die Vader met die Heilige Gees gesalf. Jesus het self gesien hoe die Heilige Gees soos 'n duif op Hom neerdaal en op Hom kom.

Uit die Ou Testament weet ons dat die profeet Samuel vir Saul en later vir Dawid met 'n kruik olie moes gaan salf het tot koning oor die volk van die Here. Moses moes ook sy broer Aäron met olie salf tot hoëpriester in diens van die Here ter wille van die volk van die Here. Die olie wat gebruik is om iemand te salf was 'n teken van die Heilige Gees wat in besonder aan die persoon gegee word sodat hy die opdrag in diens van die Here kan uitvoer. Die Heilige Gees het die mens dus bekwaam gemaak vir die werk wat hy moes doen.

Toe Dawid so deur Samuel en Aäron deur Moses gesalf is vir hulle onderskeie ampte, is dit in die openbaar gedoen. Dawid se pa en broers en in die geval van Aäron moes die hele volk sien en weet dat die Here self vir Dawid en Aäron gekies het vir die werk waarvoor hulle nou aangestel is. Deur die openbaring salwing het dit hulle aangewys as die manne wat Hy self verkies het.

Nadat Jesus gedoop is het God die Vader self sy Seun gesalf – nie net met 'n simbool van die Heilige Gees nie – maar met die Heilige Gees self. As Seun van God is Jesus bekwaam om as Verlosser op te tree. Na sy menslike natuur word Hy deur die Heilige Gees bekwaam gemaak vir die Verlossingswerk wat Hy moet doen. Deur dit so openlik te doen, het God self vir Johannes die Doper en uiteindelik deur Matteus vir die hele wêreld aangewys dat Jesus werklik die beloofde Messias is. Hy is die Gesalfde en daarom word Hy Christus Jesus genoem.

Later in Johannes die Doper se lewe was die gebeure tydens die doop van Jesus weereens die versekering dat Jesus werklik die Verlosser is vir wie daar gewag is. Toe Johannes al in die gevangenis was, het hy begin wonder of Jesus werklik die Verlosser is. Daarom het hy van sy dissipels na Jesus toe gestuur met die vraag of Hy die een is vir wie hulle gewag het. Jesus stuur hulle terug om vir Johannes te vertel wat hulle gesien het – blindes sien en kreupeles loop, soos wat Jesaja geprofeteer oor Hom op wie die Gees van God sal kom. Johannes het daardeur die versekering gekry dat Jesus werklik die Christus is, die Seun van die lewende God om verlossing te bring vir mense.

Die eerste ding wat ons dus raaksien is dat God die Vader self sy Seun aanwys as die Christus, want Hy is die ewige Koning, hoogste Profeet en enigste Hoëpriester. As Hoëpriester sal Hy die offer bring wat nodig is sodat God aan mense die vergifnis van sondes kan gee. Die tweede ding wat raakgesien moet word, lê 'n bietjie wyer in die boek Matteus. Wie Matteus al deur gelees het, sou opgemerk het dat Matteus gereeld sê dat iets gebeur het sodat die Skrif vervul kon word (vgl. Matt 1:22; 2:15, 23; 4:14; 8:17; 12:17; 13:35; 21:4; 26:56; 27:35).

Hierdie woord *geregtigheid* word ook vertaal met die *wil van God*. Die geregtigheid het dus ook te doen met 'n bepaling of 'n voorskrif van die Here waarvan ons in die Ou Testament lees. Jesus het immers gekom – nie om die wet en die profete ongeldig te maak nie – maar om dit te vervul. Met *vervul* word onder andere bedoel dat Hy dit uitgevoer het soos sy Vader bepaal het. En dit is hier waar die gedeelte uit die boek Numeri 8 ter sprake kom.

In Numeri 8 gee die Here die voorskrifte aan Moses oor wat moet gebeur voordat 'n Leviet sy dienswerk in die tent van ontmoeting en later in die tempel mag verrig. In vers 6 sê die Here dat die Leviete tussen die Israeliete uitgesonder moet word en hulle moet gereinig word. In die volgende vers word gesê hoe hulle gereinig moet word. Moses moes reinigings-water op hulle sprinkel. Hulle moes eers so gereinig word voordat hulle hulle ampswerk mag begin. En dan hoor ons ook in vers 25 dat 'n Leviet eers vyf en twintig jaar of ouer moet wees voordat hy sy ampsplig in die tent van ontmoeting mag begin doen.

Aangaande Jesus weet ons dat Hy uit die stam van Juda gebore is. Hy kon wel as Koning optree, maar nie as Hoëpriester nie, want die priesters kom net uit die stam van die Leviete. En uit Lukas 3:23 weet ons dat Jesus omtrent dertig jaar oud was toe Hy met sy openbare werk as Verlosser begin het. Die geregtigheid waarvan Jesus praat en wat Johannes die Doper oortuig het om Hom te doop verwys dus na hierdie bepaling in Numeri 8.

Kom ons vat dit saam. Waarom is Jesus deur Johannes die Doper gedoop?

- Hy is gedoop om die voorskrif in verband met die priesters te vervul en nie omdat Hy enige sonde gehad het wat Hy moes bely en Homself van bekeer nie.
- Jesus was inderdaad nie uit die stam van Levi nie, maar die Heilige Gees leer ons in Hebreërs 4, 5, en 6 dat Jesus Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek.
- Om die hoëpriesterlike werk te kan doen, moes Jesus ook die reiniging van die priesters ondergaan – Hy moes met reinigingswater besprinkel word.
- Uit die Nuwe Testament weet ons ook dat die Fariseërs wat sy grootste teenstanders was Hom as priester erken het deur Hom aan te spreek as Rabbi.

Jesus is dus gedoop deur Johannes die Doper omdat Hy op daardie dag sy ampswerk as die Verlosser van God se mense begin het. God die Vader het self sy Seun openlik aangewys as die Christus wat gekom het om die verlossingswerk te kom doen. Die doop wat Christene ontvang is die teken en seël van die belofte dat God hulle sondes ter wille van Christus sal vergewe. Christus het nie so 'n doop ontvang nie. Daarom is dit nie verantwoordelik om te redeneer dat Christene groot gedoop moet word omdat Christus as volwassene gedoop is nie.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 45:1, 2, 6 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 2 U 's skoon! Geen skoon wat daarby haal. / Bevalligheid van trek en taal
is oor u lippe uitgestort – / U wat deur God geseën word.
- 6 U, Koning, van so 'n ryksgebied, / het God met vreugdeself oorgiet.
O God, u God, die maak U groot / bo elke vors en troongenoot.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.